# Les 6 Die Apostoliese Geloofsbelydenis is die evangelie opgesom

## 1. **Die eerste geloofsbelydenisskrif van die kerk.**

Ons het in les 5 gekyk na is die evangelie volgens die Bybel. Nou gaan ons hierdie Bybelgedeeltes vergelyk met die oudste belydenisskrif van die Christelike kerk: die apostoliese geloofsbelydenis – ook genoem die Twaalf Artikels.

Ons ken dit uit ons eredienste. In elke erediens bely ons ons geloof volgens hierdie belydenisskrif.

### Die Apostoliese Geloofsbelydenis

| | |
|---|---|
| Artikel 1: | Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; |
| Artikel 2: | en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; |
| Artikel 3: | wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; |
| Artikel 4: | wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; |
| Artikel 5: | wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; |
| Artikel 6: | opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, |
| Artikel 7: | vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. |
| Artikel 8: | Ek glo in die Heilige Gees; |
| Artikel 9: | ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; |
| Artikel 10: | die vergewing van sondes; |
| Artikel 11: | die opstanding van die liggaam |
| Artikel 12: | en ’n ewige lewe. |

## 2. **Waar kom hierdie belydenisskrif vandaan?**

Waar kom die Twaalf Artikels vandaan?

Die apostels het na Jesus se Hemelvaart dit wat Hy oor Hom self bekend gemaak het, aan die volke in die Romeinse ryk rondom die Middellandse see verkondig. Die hele vroeë kerk het met hierdie verkondiging voortgegaan.

Een van die vroegste behoeftes van die kerk was om in kort die hele boodskap van Jesus oor Homself saam te vat. Dit is net soos die hele wet van God in tien reëls deur Moses saamgevat is.

Dit was veral in die kategese waar daar ’n behoefte vir só ’n samevatting was. Hierdie samevatting wat die eerste predikante vir hulle katkisante gemaak het, is die belydenis wat ons nou ken as die Twaalf Artikels.

Een van die kerkvaders wat direk na die apostels opgetree het, stel dit so: " Alhoewel die kerk oor die hele wêreld tot aan die einde van die aarde verstrooi is, het hulle almal van die apostels en hulle leerlinge die geloof ontvang in een God die Vader, die Almagtige,...en in een Christus, die seun van God wat vlees(mens) geword het ter wille van ons saligheid en in die Heilige Gees." (Adv. Haer.1.10)

Iraneus was predikant in die jaar 177 in Lyon in Frankryk. Hy vertel in een van sy boeke dat hierdie geloofsinhoude van die Twaalf Artikels die gemeenskaplike belydenis is van die kerk in Germanië (Duitsland), Spanje, in Egipte, Libië en by die Kelte(Engeland)

Die Twaalf Artikels soos ons dit vandag het, is al in die jaar 150 n.C. in die gemeente in Rome gebruik vir katkisasie en die doop van mense wat tot geloof in Christus gekom het.

3. **<u>Die Twaalf Artikels is die samevatting van die evangelie.</u>**
Kom ons vergelyk nou die inhoud van wat die Bybel as die Evangelie leer met die inhoud van die Twaalf Artikels. Ons gaan die verse 'n bietjie opbreek om by die twaalf artikels te pas.

Kyk watter deel van die Twaalf Artikels stem ooreen met die teksvers. Die ooreenstemming kan 'n sin, 'n gedeelte van 'n sin of selfs net 'n belangrike woord wees.

**Die Twaalf Artikels Romeine 1:1- 6.**

| | |
|---|---|
| | Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. [2] Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig |
| Ek glo in God die Vader, die Almagtige, | |
| die Skepper van hemel en aarde; | |
| en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here, | [3] en dit handel oor sy Seun ...[4] Jesus Christus |
| wat ontvang is van die Heilige Gees, | ons Here |
| gebore uit die maagd Maria; | [3]As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore |
| wat gely het onder Pontius Pilatus, | |
| gekruisig is, | |
| gesterf het | |
| en begrawe is | |
| en neergedaal het na die hel, | |
| wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; | [4] op grond van sy opstanding uit die dood |
| opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, | is Hy deur die Heilige Gees aangewys as |
| die almagtige Vader, | die Seun wat met mag beklee is, ... |
| vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. | |
| Ek glo in die Heilige Gees; | |
| ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, | |
| die gemeenskap van die heiliges; | ...[6] Julle is hierby inbegrepe ... |
| die vergewing van sondes; | |
| die opstanding van die liggaam | |
| en 'n ewige lewe. | |

1 Die belydenis "sy eniggebore Seun" stem ooreen met vers 3 "dit handel oor sy Seun."
2 Die belydenis "ons glo in Jesus Christus, ... ons Here", stem woordeliks ooreen met vers 4: "Jesus Christus ons Here"
3 Maria is uit die geslag van Dawid. Daarom is "uit die geslag van Dawid gebore" en "gebore uit die maagd Maria" dieselfde.
4 Jesus wat op die derde dag uit die dood opgestaan het stem ooreen met vers 4 "op grond van sy opstanding uit die dood"
5 Die Seun wat met mag beklee is, is die mag om aan die regterhand van God te sit. "Om aan God se regterhand te sit" beteken om in 'n mags-posisie geplaas te wees.
6 Ek glo in die Heilige Gees stem ooreen met "deur die Heilige Gees aan gewys".
7 Om "inbegrepe" te wees beteken om ingesluit te wees. Ons is ingesluit in

Jesus se lyding, sterwe en opstanding. Dit is die gemeenskap van heiliges met mekaar het.

## Die Twaalf Artikels. 1 Kor. 15:1- 11.

"Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle
ook gevestig staan. 2 Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle
verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom.
3 Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here,
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is,
gesterf het — Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte;
en begrawe is — 4 Hy is begrawe
en neergedaal het na die hel,
wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; — en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte
opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, . 5 Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf
die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees;
ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, ,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en 'n ewige lewe.

6 en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. 7
Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. 8 Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig
geborene, verskyn. 9 Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie,
omdat ek die kerk van God vervolg het. 10 Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was
nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van
God wat by my is. 11 In elk geval, of dit ek is of hulle-dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het."

1 Die belydenis dat Jesus gesterf het, begrawe is en wat op die derde dag uit die opgestaan het uit die dood, stem ooreen met verse 3 en 4 dat Christus vir ons sondes gesterf het, Hy begrawe is en op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte.

2 Jesus se verskyning was vanuit die hemel aan die regterhand van die Vader. Die belydenis op die derde dag opgestaan uit die dood, opgevaar na die hemel, sit aan die regterhand van God, stem dus ooreen met die teksgedeelte: "verskyn".

## Die Twaalf Artikels. Hand.2:22 – 36.

"22 "Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die
kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self.
23 God het besluit en dit vooruit bepaal

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here, — 36... God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!""
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, — 23 ... .om Hom aan julle uit te lewer,

gekruisig is, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker
gesterf het en Hom doodgemaak.
en begrawe is
en neergedaal het na die hel, / [24] Maar God het Hom van die smarte van die dood
wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; verlos en Hom uit die dood laat opstaan.
Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. [25] Van Hom sê Dawid: Ek het die
Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie. [26] Daarom is my hart bly en my
tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, [27] want U sal my nie aan die
doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie. [28] U het my die paaie van die
lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul. [29] "Broers, wat ons voorvader Dawid betref,
moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. [30]
Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy
nakomelinge op sy troon sou sit. [31] Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en
gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie. [32] God het hierdie
Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.

/opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, [33] Hy is verhoog aan die regterhand van God
die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees; en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort .....

ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, ,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en 'n ewige lewe.

. [34] Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan
my regterhand [35] totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. [36] Die hele Israel moet nou vas en seker
weet ....

1.Die belydenis "Jesus Christus sy eniggebore, Seun ons Here", stem ooreen met vers 36 : "God het hierdie Jesus ... Here en Christus gemaak.
2.Die belydenis "wat gely het onder Pontius Pilatus" stem ooreen met vers 23 "om Hom aan julle uit te lewer". Hierdie uitlewer is 'n regsstap om Jesus aan die ondervraging van die regter Pontius Pilatus in die hooggeregshof in Jerusalem te onderwerp.
3. Die belydenis dat Jesus gekruisig is en gesterf het stem ooreen met verse 23 en 36: "hierdie Jesus wat julle gekruisig het" en "deur die heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak".
4. Die belydenis "sit aan die regterhand van God stem ooreen met vers 33 "Hy is verhoog aan die regterhand van God".
5. Die belydenis "Ek glo in die Heilige Gees" stem ooreen met vers 33: "Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort".

4. **<u>Die Twaalf Artikels is die samevatting van die hele boodskap wat in die Bybel as die Evangelie verkondig word.</u>**

Die Apostoliese Geloofsbelydenis is die kerk se belydenis van geloof in die evangelie. Net soos wat Jesus en Paulus die evangelie opgesom het, het die kerk alles wat evangelie is in die Twaalf Artikels opgesom.

Wat is Evangelie volgens die Bybel?

Die inhoud van die Twaalf Artikels som dit alles op – geloof in Jesus Christus: in sy Vader en die Gees:

Les 6 Die Apostoliese Geloofsbelydenis is die evangelie opgesom.

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here,
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;

geloof in dit wat Jesus doen vir ons as sondaars:
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is,
gesterf het
en begrawe is
en neergedaal het na die hel,
wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God,
die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees;

en geloof aan alles wat ons kry deur die Seun en Vader se gawe van die Gees:
ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, ,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en 'n ewige lewe.

5. **<u>Geloof is altyd geloof in die evangelie</u>**.
As die Bybel praat van geloof is dit altyd geloof in die Evangelie. Die Evangelie is die boodskap van Jesus oor Hom self.

Wat staan daar in die Twaalf Artikels, wat moet ons doen as Jesus vir ons ly, sterwe, opstaan e.a.? In die Twaalf artikels kom daar net een woord voor: "ons glo."

Die geloof van die Christelike kerk is geloof in Jesus soos saamvat in die Twaalf artikels.

Wat is geloof? Hebreërs 11:1 stel dit so: " Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."

Geloof is om seker te wees van wie Jesus Christus is en wat Hy vir ons gedoen het. Dit is om oortuig te wees dat ek deel is van wat Hy vir my gedoen het in die Twaalf Artikels.

'n Mens kan in baie dinge glo, maar as die kerk van sy geloof praat is dit altyd hierdie geloof in die Evangelie. Party mense glo dat God goed is, dat God bestaan en alles regeer, dat God vir mense lief is, en nog baie ander. Maar as die kerk praat van geloof is dit heeltemal iets anders: dit is die geloof in die Evangelie.

Die duiwels glo ook. Daarom sê Jakobus in hoofstuk 2: 19, in die NT.: " Glo jy dat daar net een God is? Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs."

Die Jode het van vroeg hierdie belydenis gehad: "God is een" teenoor al die afgode van die heidene. Al het hulle geglo dat God een is en dat daar nie

baie gode is, soos die heidene geglo het nie, het die Jode nie in die Evangelie, in Jesus geglo nie. Hierdie geloof van die Jode in een God, maar nie in die Evangelie nie, is maar net soos die bose geeste en ander heidene ook glo. Dit help niks nie.

6. **Geloof in die hele evangelie**.
Die kerk het 'n ander geloof: die geloof in die Evangelie.

Nie net 'n deeltjie glo nie – die hele evangelie glo! Om te glo Jesus het vir ons sondes gesterf is nie geloof in Evangelie nie. Dit is geloof net in een deeltjie van die Evangelie. Die Evangelie bestaan uit 12 dele, nie net een nie. Dit sal jou niks help om net een deeltjie van die Evangelie te glo nie. As jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, maar jy glo nie dat Hy die eniggebore Seun van God is nie, dan help hierdie geloof jou niks nie. Daarom gaan ons in hierdie kursus kyk na wat Jesus alles gedoen het, wat dit alles vir ons beteken en waarvoor ons Hom alles kan vertrou.

Die Twaalf Artikels is die kerk se samevatting van die hele Evangelie

Kyk hoe stel die kerk se belydenisskrif, die Heidelbergse Kategismus dit: Vraag 22 "Wat moet 'n Christen glo? Antw. Alles wat in die evangelie beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer."

Ons moet die hele, nie net 'n deeltjie van die Evangelie glo nie.

Vraag 59 "Wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo? Antw. Dat ek in Christus voor God regverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is."